# INHOUDSOPGAWE


1. Doelwitte en rolspelers

2. Sportsoorte

3. Sporttoere

4. Gedragskode

5. Kleredrag

6. Struktuur en algemene reëls

7. Meriete Toekennings

8. Begroting, Donasies en Borge

9. Balkiebeleid

10. Addendum A (Skoolsport)

# DOELWITTE EN ROLSPELERS

**Die volgende doelwitte word nagestreef:**

1. Om alle leerders ingeskryf by Laerskool Hermanus die geleentheid te bied om aan 'n sportsoort deel te neem.
2. Die aanleer van vaardighede sodat leerders hul volle potensiaal kan bereik.
3. Om alle leerders, ongeag hul vermoëns, 'n gelyke geleentheid tot afrigting en deelname aan 'n sportsoort te bied.
4. Om alle sportaktiwiteite te monitor, te koördineer en te organiseer sodat leerders voldoende geleenthede kry om deel te neem.
5. Om deur gereelde en doelgerigte kommunikasie te verseker dat alle betrokke rolspelers ingelig is aangaande sport.
6. Om volgens die waardes van Laerskool Hermanus af te rig en aan sport deel te neem.

**Rolspelers:**

- Die Skoolbeheerliggaam is verantwoordelik vir die voorsiening van die nodige geriewe en toerusting sodat die skool se buitemuurse program effektief kan funksioneer. Die Skoolbeheerliggaam besluit ook, in samewerking met die Skoolbestuurspan (SBS) en die sporthoof oor die sportsoorte wat by die skool aangebied word.
- Die prinsipaal en SBS is verantwoordelik vir die werksverdeling onder die personeel ten opsigte van sport.
- Die sporthoof, sportorganiseerder en sportkode-hoofde is verantwoordelik vir die bestuur, koördinering en kommunikasie van die onderskeie sportsoorte, asook die reël van sportdae.
- Die afrigter is verantwoordelik vir die afrigting van 'n spesifieke sportsoort in vasgestelde oefentye. Die afrigter mag van buite afrigters gebruik maak met die toestemming van die prinsipaal.
- Afrigters moet bereid wees om as skeidsregters of beampte op te tree, asook die bywoning van afrigtingsklinieke om vaardighede te verbeter.

# SPORT ORGANOGRAM

**B Gerber**
(Sportorganiseerder)

- **H HAttingh** – Rugby
  - Mr J Pelser
  - D Adam
  - M van Vuuren
  - B Gerber
  - H. Smit
  - H Hattingh
  - B. Koopman
  - JG. Giliomee
- **Z Venter** – Netbal
  - R Pieterse
  - E. van der Merwe
  - S v Wielligh
  - J. Frans
  - K vd Walt
  - E. Olwagen
  - C Marais
  - T Ludik
  - M Hugo
  - M Montgomery
  - D Kemp
  - C Conradie
  - L Liebenberg
- **B Louw** – Tennis
  - H Smith
  - Z. de Ridder
  - C vd Merwe
  - D Grace
  - C Conradie
  - S. Smal
  - R. Rhoode
  - K. Austin
  - C. Bester
  - R. Kruger
- **B Gerber** – Krieket
  - S v Wielligh
  - E. van der Merwe
  - R Pieterse
  - L Liebenberg
  - A Mc Donald
  - M Hugo
  - H Hattingh
  - R. Rhoode
  - B. Gerber
  - H. Smit
  - J. Brink
- **J Pelser** – Atletiek
  - D Kemp
  - T Ludik
  - C Marais
  - Z Venter
  - H. Smit
  - M Montgomery
  - B. Koopman
  - C vd Walt
  - A Scott
  - J Strydom
  - J. Brink
  - J Pelser
  - L Joubert
  - M Victor
  - E. Olwagen
  - M van Vuuren
  - J. Strydom

- **H Wichers** – Hokkie Seuns
  - A Conradie
  - H Rossouw
  - A McDonald
  - D Grace
  - K vd Merwe
  - R. Kruger
  - J. Strydom
- **H Smith** – Hokkie Dogters
  - M. Muller
  - L Joubert
  - C Botha
  - D McLachlan
  - J Pelser
  - Z. Venter
- **S Burger** – Skaak
  - H Roussow
  - S Burger
  - Worrior Skaak
- **M Victor** – Landloop
  - R. Rhoode




- **Enige ander sportsoort wat nie in die tabel hierbo aangedui is nie, word as 'n buite skool sport gesien.**

<u>Belangrike inligting ten opsigte van buite skool sportsoorte:</u>

- Funksioneer onafhanklik van LS Hermanus.
- Maak nie gebruik van LS Hermanus se personeel, vervoer of finansies nie.
- Huur van skoolterrein is onderhandelbaar met Prinsipaal en SBL.
- Enige voorstelle vir die verandering of verbetering van die terrein wat gebruik word, moet skriftelik aan die Beheerliggaam van LS Outeniqua voorgelê word.
- Daar moet 'n skriftelike ooreenkoms tussen die SBL en die instansie wat die buite-skoolsport bedryf onderteken word. Hierdie ooreenkoms moet jaarliks voor Desember vir aanvang in Januarie hernu word.

# SPORTTOERE

## <u>Beplanning van toere:</u>

- Opvoeders is welkom om met die toestemming van die prinsipaal 'n toer te reël.
- Sport wat tydens onderrigtyd plaasvind moet vooraf toestemming verkry vanaf die prinsipaal, Beheerliggaam en Kringbestuurder. Die departementele aansoekvorm, wat vrywaringsvorms insluit, moet aan die einde van die vorige kwartaal ingehandig word.
- Die sporthoof en organiseerder, met toestemming van prinsipaal, kan die normale sportprogram bestuur en koördineer.
- Vervoer moet vroegtydig gereël word met die hoof van vervoer en alle dokumente moet in plek wees.

- Deeglike beplanning is noodsaaklik en moet met die betrokke ouers gekommunikeer word. Ouers moet ‘n volledige program ontvang.

**<u>Toestemming en reëlings</u>**

- Ouers moet vrywaringsvorms voltooi, asook vorm wat kontakbesonderhede en mediesefonds inligting van ouer bevat.
- Skriftelike toestemming van betrokke ouer moet verleen word indien een leerder saam met ‘n ander ry vir ‘n skoolgeleentheid.
- Busbestuurder(s) moet in besit wees van ‘n openbare vervoerpermit en bus(se) moet vooraf bespreek word. Die aantal leerders per bus mag nie die voorgeskrewe getalle oorskry nie.
- Leerders bly die verantwoordelikheid van opvoeders/ afrigters tydens sportgeleenthede.
- Leerders se optrede moet nog steeds voldoen aan die voorskrifte van die gedragskode en opvoeders moet toesien dat dit ten alle tye toegepas word.

**<u>Finansies</u>**

- Toere word nie uit die skool se begroting gefinansier nie. Die organiseerder moet fondse insamel deur en in samewerking met ouers en borge.
- Opvoeders moet begroot vir genoemde toere en/of ‘n fondsinsameling reël om toere te finansier. Leerders moet busgeld, verblyf en toernooi kostes betaal.
- Die bedrag van busgeld is gekoppel aan die afstand wat gereis word en word deur die Prinsipaal en BHL bepaal.
- Afrigters moet toesien dat elke leerder wat van skoolvervoer gebruik maak ‘n vrywaringsvorm het.
- Skool sal, indien daar enige beskikbare fondse is waarvoor begroot was, ‘n finansiële bydra maak aan ‘n toer of uitstappie hoe ook al die Prinsipaal en BHL dit gepas vind.
- Die organiseerder moet na die toer ‘n finansiële verslag aan die prinsipaal kan voorlê indien aangevra.

# GEDRAGSKODE

## HERMANUS LAERSKOOL SPORT GEDRAGSKODE VIR SPELERS, BESTUUR EN OUERS

### INLEIDING

Hermanus Laerskool is daaraan verbind om die hoogste standaarde van sportmanskap, integriteit en etiese gedrag in ons sportsprogramme te handhaaf. Die Gedragskode dien as 'n riglyn vir die verwagte gedrag van alle belanghebbendes, insluitende spelers, afrigters, ouers en toeskouers. Deur deel te neem aan Hermanus Laerskool se sportsprogramme, onderneem alle partye om by die beginsels wat hierin uiteengesit word, te hou.

### 1. GEDRAG VAN SPELERS

1.1. Spelers moet hulself te alle tye met die uiterste respek en behoorlikheid gedra, beide op en van die sportsveld af.

1.2. Daar word van spelers verwag om onwankelbare toewyding aan die span te toon deur alle oefeninge en wedstryde by te woon, tensy daar versagtende omstandighede is. In sulke omstandighede moet spelers die afrigter verwittig van hul afwesigheid.

1.3. Gedurende wedstryde mag spelers nie met ouers of toeskouers omgaan nie en moet hulle aandag op die afrigter en die wedstryd fokus. Dit is streng verbode om met individue buite die sportsveld te sosialiseer totdat die na wedstryd vergadering van die span afgehandel is.

1.4. Spelers mag nooit die integriteit of besluite van amptelike beoordelaars bevraagteken nie. Die betwis van beslissings of die toon van nukkigheid sal nie geduld word nie.

1.5. Sportmanskap en regverdige spel moet die oorheersende beginsels wees wat spelergedrag rig. Deelname aan geweld, vuil spel of verbale misbruik sal onmiddellik dissiplinêre optrede tot gevolg hê. Sportmanskap is die eienskap om regverdigheid, respek en vrygewigheid teenoor die opposisie span of speller en die sport self te toon tydens kompetisie.

## 2. BESTUUR EN AFRIGTERS

2.1. Bestuur en afrigters moet as voorbeelde van die verwagte waardes van spelers dien. Dit is die verantwoordelikheid van alle afrigters om deur voorbeeld te lei.

2.2. Die primêre fokus van afrigters moet op spelersontwikkeling en welstand wees, met hierdie prioriteite bo die blote wen van wedstryde.

2.3. Afrigters moet spelers billik behandel deur aan elkeen geleenthede te bied om hul vaardighede te ontwikkel en tot die span by te dra.

2.4. Taktiese besluite berus uitsluitlik by die afrigters. Inmenging van ouers of toeskouers in spanstrategie en spelersontwikkeling is ten strengste verbode.

2.5. Afrigters moet oor 'n oop gemoed beskik om spelersprobleme aan te hoor, en 'n omgewing van oop kommunikasie en wedersydse vertroue te skep.

2.6. Afrigters, deelnemers, skeidsregters of wedstrydbeamptes mag nie geïntimideer word nie.

2.7. Afrigters mag nie tydens oefensessies onderbreek word om advies te gee, reëlings te tref of klagtes en probleme aan te spreek nie.

2.8. Oefensessies mag ook nie onderbreek word om in te meng met spanposisies en -keuses nie.

2.9. Ouers kan reël om navrae, klagtes en voorstelle op 'n geskikte tyd met afrigters te bespreek.

2.10. Gesprekke moet op 'n wedersydse, konstruktiewe, beleefd, beheerde en respekvolle wyse tussen ouers en afrigters plaasvind.

## 3. GEDRAG VAN OUERS (EN TOESKOUERS)

3.1. Ouers en ander toeskouers speel 'n noodsaaklike rol in die ondersteuning van die span en die modellering van toepaslike gedrag vir jong spelers. Entoesiastiese ondersteuning van die span word aangemoedig; die belaglik maak van spelers, afrigters of beamptes of die veroorsaking van verleentheid vir die skool, personeel of leerders is verbode.

3.2. Ouers moet hulle weerhou daarvan om vanaf die kantlyn af spelers af te rig of te probeer onderrig tydens wedstryde of oefeninge. Die afrigterspan alleen is verantwoordelik vir die afrigting van spelers.

3.3. Ouers en toeskouers mag onder geen omstandighede die sportveld nader om met spelers of afrigters tydens wedstryde te gesels nie.

3.4. Ouers moet die gesag van die spanbestuur rakende logistieke besluite soos toerreëlings respekteer. Die spanbestuur sal relevante inligting aan ouers deurgee soos nodig.

3.5. Verbale misbruik, vuil taal, fisiese geweld, lasterlike of beledigende taal of onbetaamlike gebare van ouers of toeskouers sal onder geen omstandighede geduld word nie. Sulke gedrag sal tot uitsetting en moontlike verbannings van toekomstige geleenthede lei.

3.6. Ouers moet hulself gedra volgens die etiket wat deur die betrokke sport vereis word.

3.7. Ouers moet selfbeheersdheid, wedersydse respek, hoflikheid en verdraagsaamheid teenoor mekaar, onderwysers en leerders toon.

3.8. Ouers mag nie op 'n onsportiewe manier optree nie.

3.9. Ouers moet hulle weerhou daarvan om insidente te veroorsaak of daarby betrokke te raak.

3.10. Ouers moet selfbeheersdheid toon en nie op 'n onbehoorlike manier op beslissings van beamptes reageer nie, selfs al het hulle moontlik gefouteer.

3.11. Ouers wat enige skoolaktiwiteit bywoon, moet die versoeke van die betrokke organiseerders en reëlings nakom.

3.12. Ontwrigtende gedrag is ontoelaatbaar.

3.13. Ouers moet te alle tye 'n voorbeeld stel en nie rommel strooi nie.

## 4. KLEREDRAG

4.1. Spelers moet seker maak dat hulle in die toepaslike sportdrag geklee is, soos deur die skool voorgeskryf vir die spesifieke sportsoort waaraan hulle deelneem. Die voorgeskrewe uniform moet tydens alle wedstryde en amptelike spangeleenthede gedra word.

4.2. Spelers se klere moet skoon, goed onderhou en op 'n netjiese en waardige manier gedra word.

4.3. Enige bykomende kledingstukke, soos onderhemde of kompressie-drag, moet aan die span- en skoolriglyne voldoen.

4.4. Leerders wat sportbyeenkomste as toeskouers bywoon en nie op daardie dag aan die betrokke sport deelneem nie, moet óf die voorgeskrewe skoolsportuniform óf die gewone skooldrag dra.

4.5. Nie-deelnemende leerders se klere moet skoon, goed onderhou en op 'n netjiese en ordelike manier gedra word, volgens die skool se algemene uniformriglyne.

4.6. Daar word van alle leerders verwag, hetsy hulle aan sport deelneem of as toeskouers optree, om trots te wees op hul voorkoms en om die skool op 'n positiewe manier deur hul keuse van kleredrag te verteenwoordig.

## 5. ALGEMEEN

5.1. Deur hierdie Gedragskode te onderskryf, verbind alle lede van die Hermanus Laerskool sportgemeenskap hulle daaraan om 'n omgewing te skep waarin ons jong spelers kan groei, waardevolle lewenslesse kan leer en hul sportsontwikkeling kan bevorder.

5.2. Die skool behou die reg voor om dissiplinêre maatreëls vir oortredings van die Gedragskode toe te pas, soos nodig geag word om die integriteit van ons sportsprogramme te handhaaf.

5.3. Deur wedersydse respek en samewerking kan ons 'n suksesvolle en bevredigende sportservaring vir almal betrokke verseker.

5.4. Skooleiendom mag nie sonder vooraf toestemming van enige skoolperseel verwyder word nie.

# KLEREDRAG

**Kleredrag**

Normale skooldragreëls geld tydens sportbyeenkomste. Kleredrag vir sportgeleenthede word beskryf in die skoolreëls wat onder andere die volgende behels:

- By sportbyeenkomste moet deelnemers in skooldrag, sportdrag of skoolsweetpak geklee wees.
- By sportbyeenkomste moet nie-deelnemers in volle skooldrag of LO drag geklee wees.
- Die skool het spesifieke sportdrag vir elke sportsoort en verandering is onderhewig aan goedkeuring deur die klere-komitee en beheerliggaam.
- Slegs die eerste spanne van die skool is geregtig op ‘n spesiaal ontwerpte sportdrag. Die sportdrag moet die kleure van die skool insluit en goedgekeur word deur die klere komitee.
- Leerders mag in enige sportklere oefen solank dit gepas en gemaklik is om sport in te beoefen. (LO-drag is nie vir oefeninge nie, maar dit bly die ouers se eie keuse)
- (Sportkode-hoof en afrigters sal aan die begin van ‘n seisoen leiding gee oor wat gepaste drag is.)

# STRUKTUUR EN ALGEMENE REËLS

## STRUKTUUR




## KOMMUNIKASIE

Ons streef daarna om alle rolspelers ingelig te hou deur effektiewe kommunikasie wat die volgende insluit:

- Personeel, ouers en leerders sal vroegtydig ingelig word van enige sportbyeenkomste wat gaan plaasvind.
- Alle beskikbare datums vir sportbyeenkomste sal op die kwartaalprogram verskyn.
- Ouers, leerders en afrigters ontvang kwartaalliks 'n sportprogram wat tye van oefeninge, konvenors, afrigters en datums vir sportbyeenkomste aandui.
- Ouers, leerders en afrigters sal vroegtydig alle reëlings vir sportbyeenkomste ontvang deur middel van 'n WHATSAPP wat leerders voor of tydens die laaste oefening voor betrokke wedstryd sal ontvang.
- Ouers, leerders en afrigters sal indien daar enige veranderinge of kansellasie van sportoefeninge en –wedstryde deur 'n WHATSAPP in kennis gestel word.
- Indien daar onvoorspelbare weer of slegte weersomstandighede is, sal daar 'n besluit deur die sporthoof om 12:00 geneem word rakende enige oefeninge, wedstyde en byeenkomste voortgaan of afgestel word.

## PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN AFRIGTERS

Afrigters het die volgende pligte en verantwoordelikhede:

- Afrigters moet toesien dat elke deelnemer ‘n gelyke kans gegun word om deel te neem aan sport.
- Afrigters moet toesien dat alle deelnemers in die korrekte ouderdomsgroep deelneem.
- Afrigters moet toesien dat hul binne die raamwerk van hul sportliggaam optree (Bv rugby volgens Boksmart).
- Afrigters moet seker maak dat leerders wat in ‘n hoër ouderdomsgroep deelneem binne die voorskrifte van sportliggame is.
- Afrigters moet te alle tye die welstand van leerders in ag neem tydens oefeninge en wedstryde.
- Die afrigter moet ‘n span volgens meriete kies.
- Die afrigter moet toesien dat alle spelers wat as reserwes gekies word speelkans tydens die wedstryd kry. (Indien die leerder nie dieselfde dag by ‘n ander wedstryd in ‘n ander span betrokke was nie.)
- Die afrigter is verantwoordelik vir die aanwys van die kaptein van die span.
- Die afrigter is verantwoordelik vir die toerusting ontvang van die sportkode-hoof. Alle toerusting moet aan die einde van die seisoen terug besorg word.
- Die afrigter moet toesien dat die spelers in sy span optree volgens die gedragskode vir spelers.
- Die afrigter bly verantwoordelik vir die spelers totdat ouers leerders na vervoer van wegwedstryde kom haal het by die skool of optelpunt.
- Afrigters moet gewillig wees om ‘n (PDP) te kry en verantwoordlikheid te neem van hul span se vervoer. Slegs uitsondelike redes sal aanvaar word indien afrigter nie ‘n PDP het nie. Bv. medies of wetlik.

**ALGEMEEN:**

Die volgende algemene reëlings geld:

- Dit bly die speler se verantwoordelikheid om die afrigter in kennis te stel (met ‘n rede) indien hy/sy nie ‘n oefening of wedstryd kan bywoon nie.
- ‘n Speler wat sonder ‘n verskoning ‘n oefening of wedstryd mis, kan moontlik weerhou word om volgende wedstryd te speel, sou die afrigter so besluit.
- Die skool bied beperkte vervoer aan na sportbyeenkomste en leerders sal vroegtydig in kennis gestel word van vervoer reëlings.
- Die is die ouers se verantwoordelikheid om toe te sien dat leerders betyds opdaag vir vervoer asook betyds by die skool gehaal te word nadat spelers terug vervoer is. Indien leerders nie betyds by die skool gehaal word na wedstryde nie, kan so leerder sy/haar kans verspeel om deel te neem aan wedstryde.
- Geen leerder mag na afloop van sportbyeenkomste of nadat leerders terug vervoer is na die skool sonder toesig by die sport of skoolgronde gelaat word nie.
- Daar moet te alle tye voldoende noodhulp by sportwedstryde beskikbaar wees gereël met en deur die sportorganiseerder.
- Die sportorganiseerder is verantwoordelik om ‘n werksverdeling vroegtydig op te stel.

# MERIETE TOEKENNINGS

**SKOOLSPORT:**

Alle sportsoorte in skoolverband word in aanmerking geneem, asook verdienstelike gevalle in sportsoorte wat nie deur die skool aangebied word nie (provinsiale deelname).

***Indien 'n leerder in aanmerking wil kom vir eksterne sport toekennings,moet hy/sy kan bewys lewer dat hy/sy aan ten minste een interne skoolaktiwiteit per kwartaal deelgeneem het, hetsy dit sport of kultuur is. 'n Kontrole proses is in plek om aansoeke te evalueer.***

**Atletiek en Landloop:**

Atlete neem aan die Walkerbaai- en Overbergbyeenkoms deel. Atlete wat vir die Overbergspan (Suid-Boland) gekies word en hulle streek by interdistrik-byeenkomste verteenwoordig, kom in aanmerking vir 'n **meriete sertifikaat** (Bolandbyeenkoms).

As leerders vir die Boland span gekies word, kom hulle in aanmerking vir **half erekleure**

As leeerders vir die Wes-Kaap span gekies word, kom hulle in aanmerking **vol erekleure**

**Rugby:** Spelers neem aan die Walkerbaai-soneproewe deel. Hierna vind die Suid-Bolandproewe plaas (vier streke, naamlik Overberg, Groenland, Walkerbaai en Suidpunt). Hierdie spelers kom in aanmerking vir **meriete sertifikaat**.

Spelers word dan gekies om aan die Bolandproewe deel te neem (ses streke). Hieruit word die Boland A- en B-span gekies.

Spelers wat vir die B-spanne gekies word kom in aanmerking vir **half erekleure**.

Spelers wat vir die A-spanne gekies word kom in aanmerking **vol ere kleure**.

**Tennis:** Spelers neem aan eerste proewe deel, waaruit ŉ Overbergspan gekies word. Spelers wat vir hierdie span gekies word kwalifiseer vir 'n **meriete sertifikaat**.

Die Overbergspan speel teen twee ander streke en daaruit word ŉ Boland Plattelandspan gekies. Die spelers wat die span verteenwoordig, kom in aanmerking vir **half erekleure**.

Die Boland Plattelandspan speel teen SWD, Stellenbosch en Paarl Wynland. Dit dien as proewe vir die Bolandtoernooi, waar spelers se posisie op die ranglys bepaal word. Spelers word dan na die Bolandproewe uitgenooi, waar die Boland Kavalier-span gekies word. Spelers wat die span verteenwoordig, kom in aanmerking vir **vol erekleure**.

**Krieket:** Spelers wat opgeneem word in die Overberg span ontvang 'n **meriete sertifikaat**.

Provinsiale B-span spelers kom in aanmerking vir **half erekleure.**

Provinsiale A-span spelers kom in aanmerking **vol erekleure.**

**Netbal:** Spelers neem aan die Walkerbaaiproewe deel (vind oor twee dae plaas). Hieruit word 14 spelers gekies om aan die Overbergproewe deel te neem. Vier verskillende distrikte neem deel, naamlik Walkerbaai, Caledon, Bredasdorp en Groenland. Die tien spelers met die hoogste keuringspunte word vir die Overbergspan gekies, wat aan die Wes-Kaap Interdistrik-toernooi deelneem. Hierdie spelers kom in aanmerking vir **half erekleure**.

Hierna vind die Wes-Kaap Sone 1-proewe plaas (Karoo, Overberg en Wynlandstreek). Een-en-twintig spelers word gekies om aan die finale Wes-Kaapproewe deel te neem. Hieruit word die Wes-Kaapspan gekies. Hierdie spelers kom in aanmerking vif **vol erekleure**.

**Hokkie:** Spelers neem aan die kleinstreekproewe deel, wat die hele Overbergstreek behels. Hierna vind die Shiraz-proewe plaas (Overberg en Noord-Bolandstreek; twee proewe word gehou). Hieruit word spelers gekies om aan die IPT-proewe deel te neem (twee proewe word gehou). Spelers word hieruit vir die IPT-span gekies en kom in aanmerking vir **vol erekleure**. Hierdie spelers neem aan ŉ nasionale hokkietoernooi deel.

Spelers wat nie die IPT-span haal nie word in die Shiraz-span opgeneem en kom in aanmerking vir **half erekleure**. Hierdie spelers verteenwoordig Boland op streeksvlak en neem aan ŉ streekstoernooi deel en nie ŉ nasionale hokkietoernooi nie.

**Skaak:** Spelers bou punte op om vir Overberg **te kwalifiseer, en neem** dan onafhanklik aan die SA Junior Skole Skaakkampioenskappe deel. Hierdie spelers kom in aanmerking vir **half erekleure**.

Spelers wat groter blootstelling wil hê, neem aan die Kaapse toernooie deel en bou sodoende punte op om ŉ rangorde te bepaal. Hierdie spelers word deur die Westelike Provinsie genooi om aan die SA toernooi deel te neem en staan dan ŉ kans om hulle Proteakleure te verwerf. Hierdie spelers kom dan in aanmerking vir **vol erekleure**.

**BUITESPORT:**

**Gimnastiek:**

Vlak 4 en hoër:

Leerders neem aan vier klub kompetisies deel. Hierna word die Overberg proewe gehou. Die Wes-Kaap-kampioenskappe vir vlak 4 en hoër vind plaas. Hieruit word leerders gekies om aan die SA's deel te gaan neem en verwerf hulle WP-kleure. Hierdie leerders kwalifiseer vir 'n **meriete sertifikaat.**

Vlak 4, 5, 6 en 7 leerders wat medaljes by die Suid-Afrikaanse kampioenskappe wen kwalifiseer vir **half erekleure**

Vlak 8 en hoër leerders wat medaljes by die Suid-Afrikaanse kampioenskappe gewen het kwalifiseer vir ‘n **vol erekleure.**

**Swem**

Leerders wat kwalifiseer en deelneem aan die Vlak 2 nasionsale kampioenskappe kwalifiseer vir ‘n **meriete sertifikaat**

Leerders wat ‘n medalje verower by die Vlak 2 nasionale kampioenskappe kwalifiseer vir **half erekleure.**

Leerders wat kwalifiseer en deelneem aan die Vlak 3 nasionale kampioenskappe kwalifiseer ook vir **half erekleure.**

Leerders wat ‘n medalje verower by die Vlak 3 nasionale kampioenskappe kwalifiseer vir ‘n **vol erekleure.**

**ANDER BUITESPORT:**

Leerders wat ‘n provinsiale span verteenwoordig by ‘n nasionsale kampioenskappe of kompetisie kom in aanmerking vir ‘n **half erekleure.**

Leerders wat ‘n provinsiale span verteenwoordig by ‘n nasionale kampioenskappe of kompetisie en ‘n individuele of span medalje verower kwalifiseer vir ‘n **vol erekleure.**

*** Elke sport sal hier op meriete hanteer word as daar twyfel is oor die kriteria. Die finale besluit berus by die skool en bestuurspan.

**TOEKENNINGS**

Leerders ontvang jaarliks toekennings tydens Meriete-aand volgens die kriteria:

1. **Slegs skoolsport** wat deur die skool bestuur word kan as kriteria gebruik word vir sportpersoonlikheid
2. Die volgende punte toekenning sal gebruik word:

| | |
|---|---|
| Skool verteenwoordiging | 1 |
| Streekspan bv. Overberg | 3 |
| Provinsiaal | 7 |
| Streek bo Boland: bv. Wes-Kaap, SA platteland | 8 |
| Nasionaal | 10 |

- Elke sportsoort word apart bepunt sodat die voordeel van verskeidenheid verdien kan word. **Indien gelyk, word die leerders wat die hoogste vlak behaal het bevoordeel.**

# BEGROTINGS, DONASIES, BORGE (FINANSIES)

**Begrotings**

- Sporthoofde kry jaarliks die geleentheid om vir hulle onderskeie sportsoorte te begroot.
- Die sportbegroting word deur die BHL goedgekeur.
- Sporthoofde moet vooraf toestemming by prinsipaal kry vir aankope.
- Aankope is onderhewig aan LS Outeniqua se aankope beleid.
- Begrotings moet voldoen aan die behoeftes en ontwikkeling van die sport.

**Donasies**

- Donasies vir sport van buite maatskappy of bronne mag aanvaar word met die toepaslike dokumentasie en toestemming van die Prinsipaal en BHL.
- Skool maak ‘n donasie aan elke provinsiale speler wat vir die eerste keer provinsiale klere ontvang vir ‘n skoolsport. (Die bedrag word deur die Prinsipaal en BHL bepaal.)
- Enige donasie buite die skool bly die donateer se besluit aan wie die donasie gemaak word of watter sport indien dit aan die skool oorgelaat word om die besluit te neem.

**Borge**

- Slegs 0/13 A spanne mag volledig geborg word met volle wedstryddrag, toerusting en bykomende klere.

- Ander spanne mag van borge gebruik maak, maar slegs wat deur die klerekomitee goedgekeur is. Bv. Rugsak en opwarmingshempie. (Standaard van die skool).
- Indien daar ‘n groot skenking gemaak wil word, moet elke span in daardie ouderdomsgroep baat by die skenking.

# ADDENDUM A (Skoolsport)

# LAERSKOOL HERMANUS SPORTSOORTE

- Wat is ‘n skoolsport by Laerskool Hermanus?
- Wat bepaal dat ‘n sport ‘n skoolsport is?
- Wat is ‘n buitesport?
- Watter sportsoort val onder watter kategorie?

## Skoolsport

- Tradisionele sportsoorte in Laerskool Hermanus.

| Somer | Winter | Deurlopend |
|---|---|---|
| Atletiek | Netbal | Tennis |
| Krieket | Rugby | Skaak |
| Balspele (Junior) | Hokkie | |
| | Landloop | |

**Wat word gesien as skoolsport**:

- Sportsoorte wat deur Laerskool Outeniqua aangebied word en waarby Laerskool Outeniqua personeel aktief betrokke is.
- Sportsoorte wat by die skool deur ‘n personeellid afgerig word. Dit sluit in oefeninge, ligas, wedstryde, byeenkomste, toernooie en kompetisies. Gholf is ‘n uitsondering wat nie by die skool aangebied kan word nie aangesien die skool nie oor hierdie fasiliteite beskik nie.

**Erkenning van prestasies in skoolsport:**

- Erkenning word weekliks in die saalbyeenkomste, Info gegee asook op sosiale media geplaas.

- Tydens die prysuitdeling word erkenning vir sportsoorte in Tabel A en B gegee as die leerder presteer het tydens interne byeenkomste soos Kleurgalas en Kleure Atletiek.
- Leerders mag op 'n Vrydae hul provinsiale baadjie saam met skoolklere dra.
- Tydens die prysuitdeling kry leerders erkenning indien hulle op Nasionale vlak presteer het, bv. Eden, Wes-Kaap en SA's.
- Sportsoorte in Tabel A en B kom in aanmerking by die bepaling van Sportpersoonlikhede indien dit aan die kriteria soos uiteengesit in die Prysuitdelingbeleid.

# Buite-Skoolsport

Onderstaande tabel dui slegs 'n paar voorbeelde van buitesport aan.   Daar kan nog vele bygevoeg word.

**Wat word gesien as buitesport:**

- Sport waar daar in Outeniqua Laer se sport of skoolklere deelgeneem word en die skool verteenwoordig word, maar daar nie 'n aktiewe onderwyser by betrokke is nie en geen gestruktureerde oefeninge by die skool aangebied word nie.
- Sport wat geen Skole-liga of deelname het nie, geen onderwyser by betrokke is nie, en waar daar nie in die skool se klere deelgeneem word nie. In hierdie geval is daar gewoonlik klubs by betrokke.
- Enige ander sport waar daar nie 'n aktiewe onderwyser by betrokke is nie.

**Erkenning van prestasies in buitesport:**

- Erkenning word weekliks in die saalbyeenkomste, Info gegee en ook op sosiale media geplaas.
- Leerders mag op 'n Vrydae hul provinsiale baadjie saam met skoolklere dra.
- Tydens die prysuitdeling word erkenning vir sportsoorte in Tabel C slegs gegee as die leerder op Nasionale vlak presteer het, bv.Eden, Wes-Kaap en SA's.
- Sportsoorte in Tabel C word nie in aanmerking geneem by die bepaling van Sportpersoonlikhede nie.





Mnr JG Giliomee
Skoolhoof

Dr. Danie du Toit
SBL Voorsitter